

onder sy toesig te neem, 'n taak wat hy met toewyding verrig het. Sedertdien is die huis as museum bewaar.⁹²

Op bogenoemde veiling het dr. Purcell ook 'n alexandrietgesteente gekoop. Die steen het Engelenburg gekoop gedurende sy eerste besoek aan Hatton Garden in Londen, waarheen hy gegaan het om vir Marie Koopmans-De Wet, wat toe nog geleef het en 'n amateursversameling van edelgesteentes gehad het, 'n monster te verkry van 'n steen wat in haar versameling gekort het – 'n alexandriet. Engelenburg het geweet dat so 'n steen bestaan en dat dit populêr was, maar het nie 'n idee gehad van die waarde of skoonheid daarvan nie. Toe 'n deskundige hierdie manjifieke stene uit hulle seemsleersakkies en dun papieromhulsels te voorskyn haal, was Engelenburg verruk. Hy het dadelik die beste steen uitgesoek en was verstom dat die prys daarvan meer was as wat sy tante se hele versameling werd was. Nogtans het hy dit gekoop en aan haar geskenk. Sy tante het geen idee gehad van die waarde daarvan nie, maar het dit om die groot skoonheid van die steen gewaardeer. Toe die versameling ná haar dood opgeveil is, het niemand hierdie fyn kleinood raakgesien onder die verskeidenheid ander stene in die versameling nie, totdat dr. Purcell dit gesien en vir 'n halfkroon gekoop het. Hy het die steen aan Engelenburg teruggegee. Engelenburg het dit jare later in 'n borsspeld laat monteer en aan Ellen Burgers, 'n dogter van president T.F. Burgers (1834-1881), geskenk.⁹³

Engelenburg het altyd geglo dat dit in belang van die Akademie sou wees om buite die politieke stryd te bly. Hy het geglo dat 'n niepolitikus as voorsitter van die Akademie verkies moes word indien die Akademie uit die moeilikheid wou bly.⁹⁴ Die nuwe raad wat in 1913 verkies is, is toe soos volg saamgestel: oudpres. M.T. Steyn (voorsitter), G. Cillié, F.V. Engelenburg, L. Fouché, J.B.M. Hertzog, N.M. Hoogenhout, J.D. Kestell, D.F. Malan, W.E. Malherbe, H. Reinink, J.S.M. Rabie, J.D. du Toit en N. de Wet.⁹⁵ Wat die Akademie se lidmaatskap betref, was sowel generaal Louis Botha (leier van die SAP) as generaal Hertzog

⁹² F.S. Malan, *Marie Koopmans-De Wet*, pp. 235-259.

⁹³ C. Louis Leipoldt, "Dr. Engelenburg – 'n waarderende beskouing" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'gentleman'*, p. 39. Sien ook NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 21, Ellen Burgers – F.V. Engelenburg, 02.05.1929

⁹⁴ AEA, Bloemfontein, SA Akademieversameling, PV917, vol. 1, F.V. Engelenburg – G. Knothe, 18.08.1913.

⁹⁵ Notule van die algemene vergadering van 4 en 5 Julie 1913, *Jaarboek IV* van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, p. 5.

(latere leier van die NP) lede van die Akademie en so ook 'n hele klompie van hulle onderskeie volgelinge. Engelenburg was 'n troue SAP-ondersteuner.

Die feit dat die twee groepe op politieke gebied vyande was, het nie hulle betrokkenheid by die Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst beïnvloed nie. Dit word bevestig deur 'n brief van 8 Mei 1917 wat W.M.R. Malherbe, wat toe die sekretaris van die Akademie was, aan C.J. Langenhoven gerig het. Malherbe het geskryf dat hy 'n Nasionalis sou sterwe soos wat hy 'n republikein gebore is. Die feit dat nierepublikein én republikein lede van die Akademie was, het nie 'n invloed gehad op die werksaamhede van die Akademie nie. Daar was nie rede waarom die twee groepe nie hartlik kon saamwerk in baie sake waaroor hulle dit volkome eens was nie.⁹⁶ Malherbe het Langenhoven gevra om vir hom 'n aantal name te stuur van persone in sy provinsie of distrik wat vir lidmaatskap van die Akademie in aanmerking sou kon kom: "... Dit kom daar nie op aan of hulle Sappe of Nasionaliste is."⁹⁷ Feit bly staan dat die twee politieke groeperinge binne die Akademie aan dieselfde doelstellings gewerk het, naamlik die bevordering van die Nederlandse taal (Afrikaans ingesluit) en die geskiedenis.

Engelenburg se onvermoeide ywer om die Akademie tot 'n sterk liggaam uit te brei het meegebring dat hy in 1930 vir 'n tweede termyn as voorsitter van die Akademie verkies is. Die nuwe raad was soos volg: S.P. Engelbrecht (sekretaris), F.V. Engelenburg (voorsitter), F.E.T. Krause, J. de V. Roos en T.H. le Roux (ondervoorsitter).⁹⁸ Vir Engelenburg se tweede termyn as voorsitter van die Akademie het I.M. Lombard, Akademie-sekretaris vir die tydperk 1935-1947, hoë waardering gehad op die eerste jaarvergadering van die Akademie wat hy in 1931 in Pretoria bygewoon het. Die hoë peil waarop die besprekings gevoer en die verdere verrigtinge afgehandel is, onder leiding van die deftige en eerbiedwaardige voorsitter F.V. Engelenburg, het 'n blywende indruk op Lombard gemaak.⁹⁹

⁹⁶ J.S. Gericke Biblioteek, Dokumentasiesentrum (JSGBD), Universiteit van Stellenbosch (US), C.J. Langenhovenversameling, 202K.S.43, W.M.R. Malherbe – C.J. Langenhoven, 08.05.1917.

⁹⁷ JSGBD, US, C.J. Langenhovenversameling, 202K.S.43, W.M.R. Malherbe – C.J. Langenhoven, 08.05.1917.

⁹⁸ F.V. Engelenburg, "Die nuwe Akademie-raad", 3 November 1930 in *Bulletin* (van die SA Akademie), 1(2), Pretoria, pp. 3 en 4.

⁹⁹ I.M. Lombard, "21 Jaar diens aan die Akademie" in T.E.W. Schumann, et al., *Feesalbum 1909-1959*, p. 49.

Vandat die Akademie gestig is, het Engelenburg deur al die jare tot kort voor sy dood 'n groot bydrae op verskeie terreine gelewer. Vanweë sy breë kennis van 'n wye verskeidenheid onderwerpe, sy kennis van wat in die buiteland gebeur, sy regsagtergrond, en sy kennis van soortgelyke instellings elders in die wêreld, was hy in staat om leiding te gee oor hoe 'n Akademie in Suid-Afrika behoort te lyk. Die Akademie het hom altyd na aan die hart gelê.

Engelenburg en die Afrikaanse literatuur

Engelenburg het skrywers gereeld aangemoedig om te skryf en hy het hulp aangebied om hulle werk te publiseer. Toe Jan Celliers in 1911 'n liefdesverhaal wou publiseer, het Engelenburg die Akademie genader om op die een of ander manier behulpsaam te wees deur toe te sien dat Celliers se werk uitgegee word. Hy het aan die Akademie se sekretaris, prof. G. Knothe, genoem dat een van die doelstellings van die Akademie die bevordering van die uitgee van Suid-Afrikaanse literatuur was.

Ik ben er wel vóór om iets te doen, byvoorbeeld by wyze van 'n subsidie en wil dan zelf ook meehelpen.¹⁰⁰

Hy het verder versoek dat die Akademie by die Unie-regering daarop aandring dat die uitgewers 'n eksemplaar van elke werk wat uit hulle boekperse kom, as pligeksemplaar na 'n paar staatsbiblioteke stuur.¹⁰¹ Op aanbeveling van Engelenburg het die Akademie 'n versoek aan die minister van binnelandse sake gerig dat die Kaapse Boekregistrasiewet van 1873¹⁰² op die hele Unie van Suid-Afrika toegepas word.¹⁰³ Dit het in 1916 'n werklikheid geword.¹⁰⁴

Uitgewers en ook skrywers het gereeld manuskripte aan Engelenburg gestuur om sy opinie te kry voor dit gedruk is. Engelenburg het dit waardeur dat F.S. Malan kort ná sy uittrede as minister die begeerte gehad het om 'n lewenskets van Marie Koopmans-De Wet te skryf. Malan het haar goed leer ken gedurende die laaste 11 jaar van haar lewe en hy het jarelank stof vir die boek bymekaargemaak en kon nou tyd aan sy skryfwerk wy. Engelenburg was

¹⁰⁰ AEA, Bloemfontein, SA Akademieversameling, PV917, vol. 1, F.V. Engelenburg – G. Knothe, 10.01.1911.

¹⁰¹ AEA, Bloemfontein, SA Akademieversameling, PV917, vol. 1, F.V. Engelenburg – G. Knothe, 10.01.1911.

¹⁰² Wet 2 van 1873 het bepaal dat die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek in Kaapstad vanaf 1873 'n eksemplaar moes ontvang van alles wat in die Kaapkolonie gepubliseer is.

¹⁰³ Notule van die algemene vergadering van 19 en 20 September 1912, *Jaarboek III* van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, p. 15.

¹⁰⁴ Notule van die algemene vergadering van 21 en 22 September 1917, *Jaarboek VIII* van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, p. 59.

hulpvaardig en het aan Malan al die dokumente en korrespondensie van sy tante oorhandig wat hy ná haar en haar suster se dood bewaar het, behalwe die private briewe wat sy deur die jare aan hom, Engelenburg, geskryf het of wat sy van hom ontvang het. Toe die manuskrip feitlik gereed was, het Malan Engelenburg gevra om die inleiding van die boek te skryf. Hy sou na Pretoria reis om die manuskrip met Engelenburg te bespreek. Engelenburg het aangebied dat Malan by hom in Het Witte Huis tuisgaan, wat hy sou waardeer.¹⁰⁵

Engelenburg het in die tussentyd na die drukproef gekyk en het aanbeveel dat daar meer letters op 'n reël ingepas kon word sonder om die lettergrootte in te boet. Indien die drukker dit doen, sou die 250 bladsye gemaklik gereduseer kon word na 200 bladsye.

Die huidige mensheid is bang voor dikke boeke! 't Is dus verstandige politiek om lange regels te gebruik.¹⁰⁶

Ook wat die hoofstukindeling betref het Engelenburg sekere aanbevelings gemaak. Hy het ook aanbeveel dat daar nie te suinig met die illustrasies omgegaan moes word nie omdat die koste weinig sou wees. Engelenburg self het interessante foto's gehad en het gevra dat Malan dit wat hy gehad het, saambring wanneer hy Pretoria toe kom. Dan kon hulle die versameling volledig maak. "... Wij kunnen, zoals gezegd, nooit *te* vrijgevig zijn met prentjes!"¹⁰⁷

Leipoldt het in Engelenburg 'n uitstekende klankbord vir sy werk gevind en het male sonder tal sy manuskripte aan Engelenburg gestuur om sy opinie daaroor te verneem. Engelenburg het Leipoldt eenkeer berispe omdat hy meer in Engels begin skryf het. Leipoldt het homself verdedig deur daarop te wys dat hy voortdurend in Afrikaans geskryf het. Daar was die nuwe bundel gedigte wat byna voltooi was, dan was daar *Die donker huis* en ook *Afgode*. 'n Nuwe *Spoke*-boek was by die pers om gedruk te word. Sy plan was egter om daardie volgende jaar te skryf om meer geld te verdien. Hy was besig om oud te word en het ook nog die verantwoordelikheid van 'n kind gehad¹⁰⁸ wat hy nie net met 'n paar druppeltjies siaansuur¹⁰⁹ van sy tandeborsel kon afskud nie. En die Engelse uitgewers het baie, baie beter betaal.¹¹⁰

¹⁰⁵ NASA, Kaapstad, F.S. Malanversameling, A583, vol. 2, F.V. Engelenburg – F.S. Malan, 24.10.1924.

¹⁰⁶ NASA, Kaapstad, F.S. Malanversameling, A583, vol. 2, F.V. Engelenburg – F.S. Malan, 24.10.1924.

¹⁰⁷ NASA, Kaapstad, F.S. Malanversameling, A583, vol. 2, F.V. Engelenburg – F.S. Malan, 24.10.1924.

¹⁰⁸ 'n Jaar tevore, in 1928, het Leipoldt 'n sewejarige Britse seun, Jeffrey Barnett, aangeneem. Hy het die seun na Suid-Afrika gebring om hom as sy eie groot te maak. Kyk J.C. Kannemeyer, *Leipoldt: 'n lewensverhaal*, p. 601.

¹⁰⁹ "siaansuur" – blousuur, kleurlose gas met 'n eienaardige reuk, bestaande uit 'n verbinding van koolstof en stikstof. Kyk F.J. Labuschagne & L.C. Eksteen, *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, p. 757.

Aan die einde van 1930 was Engelenburg weer by sy en Izaak Wallach se vakansiehuis “Bagatel Cottage”¹¹¹ in Muizenberg, buite Kaapstad. Engelenburg het met die manuskrip *Dingaansdag* van Leipoldt in die hand gesit. Leipoldt het die boek aan Engelenburg opgedra, waarvoor Engelenburg baie trots was:

Wees oortuig dat u grootmoedigheid vir mij ’n aanleiding sal blij tot vreugde, erkentlikheid en ... trots.¹¹²

Vir die boek self het Engelenburg groot bewondering gehad, soos met *Spoke*. Hy was veral beïndruk met die gemak waarmee Leipoldt vir elke opstel die daarby passende verhaaltrant geskep en in ’n mooi leesbare vorm gegiet het.¹¹³ Oor die fragment “Berg-tragedie” van Leipoldt, wat in Junie 1931 in *Die Huisgenoot* verskyn het, was Engelenburg opnuut beïndruk met sy “... benijdbare beheersing van Afrikaans”.¹¹⁴ Hy het uitgesien na die vervolg daarop met die oog op die Hertzogprys.¹¹⁵ Die Hertzogprys vir poësie is toe wel in 1934 aan Leipoldt toegeken vir sy bundel *Schoonheidstroos*. Hy het die prys daardie jaar met W.E.G. Louw vir *Die ryke dwaas* en Totius vir *Passieblomme* gedeel.¹¹⁶

Engelenburg het eenkeer vir Leipoldt ’n boek oor Baudelaire¹¹⁷ gestuur en hom gewaarsku om nie sy brein te vermoei met pogings tot vertaling van die verse nie, wat hy “onhaalbaar” genoem het. Leipoldt het dit toe juis gaan aandurf! Hy was siek in die bed met griep en het tyd gehad om die verse te vertaal, waarna hy dit vir Engelenburg gestuur het vir kommentaar. Engelenburg het hom gelukgewens met die wyse waarop hy sommige probleme opgelos het, maar eksepsie geneem teen uitdrukkinge soos “meid” of “bywyf”, wat vir hom die “skildery” bederf het omdat dit te plat was vir wat hy hom voorgestel het as ’n *Sataniste vocabular*,¹¹⁸ en ook teen sekere reëls wat vir sy gevoel effens te staccato was.¹¹⁹

¹¹⁰ Kanselier Oppenheimer Dokumentasiesentrum (KOD), Universiteit van Kaapstad (UK), C.L. Leipoldtversameling, BC94 (B10), C.L. Leipoldt – F.V. Engelenburg, 10.09.1929.

¹¹¹ Die “cottage” het Engelenburg en Wallach ná die Eerste Wêreldoorlog aangeskaf.

¹¹² KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94 (B10.4), F.V. Engelenburg – C.L. Leipoldt, 03.12.1930.

¹¹³ KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94 (B10.4), F.V. Engelenburg – C.L. Leipoldt, 03.12.1930.

¹¹⁴ KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94 (B10.5), F.V. Engelenburg – C.L. Leipoldt, 28.07.1931.

¹¹⁵ KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94 (B10.5), F.V. Engelenburg – C.L. Leipoldt, 28.07.1931.

¹¹⁶ Anon., “Die Akademiepryse 1909-2009: ’n eeu van uitnemendheid”, p. 10.

¹¹⁷ Charles Pierre Baudelaire (1821-1867) was ’n Franse digter, essayis en kunskritikus.

¹¹⁸ Iemand met ’n bose woordeskat. *Sataniste vocabular* is Roemeens. Roemeens is ’n Romaanse taal en verwant aan Italiaans, Spaans, Katalaans, Frans en Portugees. Dit is een van die amptelike tale van die Europese Unie en die Latynse Unie.

¹¹⁹ KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94 (B10.5), F.V. Engelenburg – C.L. Leipoldt, 28.07.1931.

Nie net skrywers het Engelenburg oor hulle werk genader nie. Hy is ook gereeld deur uitgewers gevra om sy opinie uit te spreek oor die een of ander manuskrip van 'n skrywer of om kommentaar te lewer oor sekere sake. Toe S.P. Engelbrecht se manuskrip oor president T.F. Burgers (1834-1881)¹²⁰ gereed was om gedruk te word, het die uitgewer, J.H. de Bussy, vir Engelenburg gevra om die manuskrip deur te lees en sy mening, as deskundige, te lug, wat hy dan ook gedoen het. Twee weke later is sy gunstige kommentaar aan De Bussy gestuur en kon die boek gedruk word.¹²¹ Engelbrecht was 'n prominente Hervormer in Transvaal wat die Hervormde Kerkgenootskap met 'n ysere hand regeer het. Die feit dat hy 'n biografie geskryf het oor Burgers, wat aan die Nederduits-Gereformeerde Kerk verbonde was, bewys dat hy wyer gekyk het as die kerkgenootskaplike wêreld. Engelenburg het Burgers nooit geken nie omdat laasgenoemde oorlede is voordat Engelenburg na Suid-Afrika gekom het. Omdat hyself ook liberale idees gehad het, het hy waarskynlik aanklank gevind by Burgers se verligte denke, veral oor sy beweerde liberalisme in verband met die Bybel en die kerkleer.¹²² Engelenburg het wel ook Engelbrecht se status in die Transvaalse Afrikaanse geleedere erken en het suiwer die teks van die manuskrip beoordeel.

Op 18 en 19 Desember 1929 is 'n taal- en kultuurkonferensie in Bloemfontein gehou en as uitvloeisel daarvan het De Bussy-uitgewery besluit om 'n reeks van 12 bundels kortverhale in Afrikaans, deur jong skrywers in Suid-Afrika, uit te gee. Verder sou die skrywers ook aangemoedig word om verhale uit Nederlands, Vlaams, Noors, Sweeds, Deens, Duits, Frans, Engels, Russies, en Oosterse en swart tale in Afrikaans te vertaal. Die doel was om jong skrywerstalent te ontwikkel en om die algemene publiek bekend te stel aan die pragtige verhale, nouvelles, romans, reisbeskrywings, ensovoorts wat oor die hele wêreld deur miljoene mense gelees is. De Bussy het Engelenburg gevra om kortliks te sê wat hy van die plan dink. Hulle wou sy en 'n paar ander vooraanstaande persone se opinie saam met die uiteengesette plan doelmatig bekendstel. Aangesien hulle geen moeite en koste sou spaar om die bedoelde uitgawe van *Kort verhale* by die publiek bekend te stel nie, sou De Bussy dit hoog op prys stel indien Engelenburg die onderneming steun en daardeur meehelp om daarvan 'n sukses te

¹²⁰ S.P. Engelbrecht, *Thomas Francois Burgers: 'n lewenskets* (De Bussy, Pretoria, 1933).

¹²¹ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, subléer 22, F.V. Engelenburg - J.H. de Bussy, 15.11.1933.

¹²² T.F. Burgers, *Tonele uit ons dorp: Suid-Afrikaanse verhale*, ingelei en vertaal deur Wium van Zyl, p. 218.

maak.¹²³ Engelenburg het De Bussy se projek gesteun. Hy het gemeen dat die publiek sy oorsprong ontleen het aan lesende nasies, maar sy smaak verloor het vir rustige literatuur wat heilsaam was vir die ontwikkeling van 'n gesonde temperament. Hy het van harte gewens dat De Bussy se poging 'n reusagtige sukses sou word.¹²⁴

Engelenburg het ook op talle ander terreine leiding geneem. Uitgewers, veral van boeke wat bestem was vir skoolgebruik, het moeilikheid ondervind by die herdrukke daarvan omdat skrywers na willekeur wysigings in manuskripte aangebring het. Dit het vir die uitgewers en drukkers groot onkoste meegebring.¹²⁵ Op aandrang van Engelenburg het die Akademie skrywers met nadruk herinner aan die wenslikheid om by die spelreëls van die Akademie te bly. Die spelreëls, soos neergelê in die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* van die Akademie, was toe alreeds deur die onderwysdepartemente en staatsdiens aanvaar, onder andere op grond van 'n Volksraadsbesluit van 19 Maart 1918 kragtens artikel 137 van die Zuid-Afrika-Wet.¹²⁶ Teen 1925 het Afrikaans sodanig ontwikkel dat D.F. Malan op 8 Mei 1925 as minister van binnelandse sake die wetsontwerp in die parlement ingedien het wat Afrikaans finaal tot amptelike taal verhef het.¹²⁷

Engelenburg het ook versoek dat by die keuse van voorgeskrewe boeke vir skoolleerlinge nie 'n onderskeid gemaak word tussen skrywers in die noorde en skrywers in die suide van die land nie. Hy het gemeen dat spontane lof en hulde vir 'n kunstenaar baie beteken het in 'n wêreld van baie teleurstellings. Volgens hom het Suid-Afrika 'n flegmatiese publiek gehad wat nie maklik 'n persoon se werk en prestasies bewonder het nie. Veral skrywers en digters het gely onder die onverskilligheid van "die man-op-straat".¹²⁸ Engelenburg het gemeen dat skrywers en digters morele en materiële ondersteuning nodig gehad het. Hy het die kommissies gekritiseer wat voorkeur gegee het aan skrywers in hulle plaaslike omgewing ten

¹²³ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 21, J.H. de Bussy – F.V. Engelenburg, 28.04.1930.

¹²⁴ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 21, F.V. Engelenburg – J.H. de Bussy, 30.04.1930.

¹²⁵ AEA, Bloemfontein, S.A. Akademierversameling, PV917, vol. 9, Notule van die Akademierraad, 14.03.1924.

¹²⁶ Notule van die Jaarvergadering van die Z.A. Akademie op 16 April 1924 in *Bulletin* (van die SA Akademie), 10(1), April 1924, p. 5.

¹²⁷ J.H.O. du Plessis, *Die Afrikaanse pers: 'n studie van die ontstaan, ontwikkeling en rol van die Hollands-Afrikaanse pers as sosiale instelling*, deel 2, p. 336.

¹²⁸ F.V. Engelenburg, "Die demoon van partikularisme" in *Bulletin* (van die SA Akademie), 18(1), September 1925, pp. 9-10.

koste van skrywers uit ander provinsies wanneer hulle boeke vir skole voorgeskryf het. Hy was bekommerd daaroor dat kinders in die een provinsie ontnem is van outeurs wat in 'n ander provinsie populêr was. Hy het gepleit dat daar nie 'n onderskeid getref word tussen die verskillende sentra van die Afrikaanse kuns en intellek nie.¹²⁹

Engelenburg en die vroue en vriende in sy lewe

Teen 1909 het Engelenburg 'n wye manlike vriendekring gehad wat steeds uitgebrei het. Wat die teenoorgestelde geslag betref, was hy minder suksesvol. In die vorige hoofstuk is gemeld dat Lorraine Powell die verhouding met Engelenburg aan die begin van 1909 verbreek het, voor hy na Europa vertrek het. Kort nadat hy in November 1909 terug in Suid-Afrika was, het hy 'n verhouding met 'n jong Portugese vrou, Judith Rosa Fernandez, begin. Sy het by hom in die huis ingetrek. Volgens oorvertelling van die ouer inwoners van Pretoria was sy 'n kroegmeisie op die Witwatersrandse goudvelde.¹³⁰ Heel moontlik het daar waarheid gesteek in wat mevrou L. Liesching¹³¹ kort voor haar dood in 'n onderhoud aan *Lantern* te sê gehad het oor Engelenburg se eksentrieke of “uitheemse eienskappe” met betrekking tot sy verhouding met vroue. Sy het naamlik aangevoer dat, te midde van 'n uiters konserwatiewe gemeenskap soos die Transvaalse hoofstad, waar almal hulle aan die strengste konvensies gehou het, dit algemeen bekend was dat hierdie steunpilaar op soveel gebiede intieme – en, volgens die algemene opvatting, ongeoorloofde – verhoudings met lede van die vroulike geslag gehad het, soos dit trouens, volgens mevrou Liesching, sonder doekies omdraai in Europa gewoonte was.¹³²

So het Engelenburg, wat sy persoonlike lewe betref, 'n dubbele lewe gelei. Aan die een kant het hy in sy openbare lewe met die hoë lui omgegaan, het hy 'n aansienlike aandeel gehad in die stigting van De Zuid-Afrikaansche Akademie voor Taal, Letteren en Kunst in 1909 en was hy die gerespekteerde hoofredakteur van 'n toonaangewende koerant. In die binnekamers van sy huis was dit eers Lorraine en daarna Judith wat met hom saamgeleef het sonder dat hy van plan was om met een van hulle te trou. Hy het ook nie in die openbaar met hulle verskyn nie. Oor hierdie feit het die Transvalers blykbaar verkies om 'n digte sluier te trek en sy

¹²⁹ F.V. Engelenburg, “Die demoon van partikularisme” in *Bulletin* (van die SA Akademie), 18(1), September 1925, pp. 9-10.

¹³⁰ LBPA: Onderhoud mev. Molly Wilmer, Pretoria, 03.08.2007.

¹³¹ Mev. L. Liesching was Engelenburg se verpleegsuster ná sy beroerte-aanval in 1932.

¹³² R. Stead, “Dr. F.V. Engelenburg” in *Lantern*, 13(3), Maart 1964, p. 26.

lewenswyse oogluikend toegelaat sonder om dit te waag om hom ooit tot verantwoording te roep.¹³³

Tydens sy verhouding met Judith het hulle van April tot Julie 1910 vyf keer na Warmbad gegaan om by 'n warmbron te gaan ontspan. Hulle was daar op 30 April, 4 Junie, 25 Junie en 3 Julie. Ná afloop van die Akademie se eerste jaarvergadering op 6 en 7 Julie 1910 in Bloemfontein het Engelenburg na Pretoria teruggekeer en op 9 Julie, 'n Saterdag, was hulle weer in Warmbad.¹³⁴

Ten spyte van die redakteur van *The Pretoria News* se kritiek teen Engelenburg as hoofredakteur van *De Volkstem* is Engelenburg nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in die buiteland hoog aangeslaan. Hy is gereeld deur hoogwaardigheidsbekleërs na onthale genooi. In Suid-Afrika het geen groot geleentheid verbygegaan sonder dat sy naam ook op die gastelys verskyn het nie. Wanneer hy in die Kaap was, het almal daarvan gewet en is hy deur die hoë lui onthaal. Dit moes waarskynlik vir Engelenburg moeilik gewees het om openbare geleenthede by te woon en 'n professionele loopbaan te hê, terwyl daar in die binnekamers van sy huis probleme was. Judith, wat in daardie stadium saam met hom in sy huis gewoon het, het 'n drankprobleem gehad en begin Oktober 1910 het Engelenburg haar na Kaapstad geneem en onder die naam “mev. Engelenburg” in die Dr. Ohomaron Sanatorium in Plumstead laat opneem. Op 4 Oktober het hy eers met “sister Lang” 'n afspraak gemaak, waarna die vrou opgeneem is.¹³⁵ Op 16 Oktober het hy sonder haar na Pretoria teruggekeer. Waarskynlik terwyl hy nog in die trein gesit het, het hy in sy sakdagboekie in potlood dwarsoor die bladsy by 17, 18 en 19 Oktober 1910 die volgende woorde geskryf:

Ik heb net een jaar met haar geleefd maar ben niet met haar getrouwd. Spreek hierover niet met miss De Wet, die wel mijn liaison¹³⁶ kent, maar nooit erover heeft gepraat.¹³⁷

¹³³ R. Stead, “Dr. F.V. Engelenburg” in *Lantern*, 13(3), Maart 1964, p. 26.

¹³⁴ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1910 van F.V. Engelenburg.

¹³⁵ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1910 van F.V. Engelenburg.

¹³⁶ “liaison” – verbintenis.

¹³⁷ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1910 van F.V. Engelenburg.

Miss De Wet, of Miss Margaret soos hy haar meestal genoem het, was die suster van Marie Koopmans-de Wet. Ná laasgenoemde se dood het Engelenburg dit sy plig geag om, wanneer hy in Kaapstad was, by Miss Margaret besoek af te lê.

In November 1910 het Engelenburg weer na Kaapstad vertrek. Tussen verskeie afsprake wat hy moes nakom, het hy waarskynlik ook vir Judith in die sanatorium gaan besoek. Van 2 tot 4 Desember 1910 het hy in Groote Schuur oorgeslaap¹³⁸ en daarvandaan het hy op 2 Desember aan Gustav Preller geskryf om al die beskikbare Portugese koerante aan die volgende adres te stuur: “Mrs. Engelenburg, Dr. Ohomaron’s Sanatorium, Plumstead, Capetown”. Hy het Preller gevra om dit “... eigenhandig [te] doen, buiten medewerking van het kantoor-personeel”.¹³⁹ Hy wou waarskynlik nie hê dat die res van die personeel by *De Volkstem* van die vrou weet en dat sy vir behandeling in ’n inrigting opgeneem is nie, want dan was dit so goed die hele Pretoria weet daarvan. Hoewel Preller die koerante aan “mev. Engelenburg” moes rig, was Engelenburg, soos hyself erken het, nie met haar getroud nie. Hy het tot 12 Desember in Kaapstad gebly, waarna hy na Pretoria teruggekeer het.¹⁴⁰

Toe Judith aan die einde van Januarie 1911 ontslaan is, was Engelenburg in Kaapstad om haar te gaan haal. Sy het daarna nog ’n ruk by hom in Pretoria gewoon. Toe dr. Leyds en sy tweede vrou uit Nederland in Pretoria aangekom het, kon hy hulle nie na sy huis nooi om daar tuis te gaan nie. Dit was Leyds se tweede besoek aan Suid-Afrika as ’n privaat individu en daar was navorsing te doen vir sy tweede historiese werk, getitel *Het insluiten van de Boeren-Republieken: een vervolg op ‘De eerste annexatie’ van de Transvaal*, wat in 1914 verskyn het.¹⁴¹ Hy en sy vrou sou etlike maande in Pretoria vertoef sodat hy, met toestemming van generaal Smuts, regeringstukke kon nagaan en ook om Staatskoerante, berigte in *De Volkstem*, en dies meer te raadpleeg.¹⁴² Engelenburg het voorgestel dat die egpaar in een van die hotelle in die dorp tuisgaan, byvoorbeeld die Grand Hotel of die

¹³⁸ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1910 van F.V. Engelenburg.

¹³⁹ NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 206, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 02.12.1910.

¹⁴⁰ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1910 van F.V. Engelenburg.

¹⁴¹ W.J. Leyds, *Het insluiten van de Boeren-Republieken: een vervolg op ‘De eerste annexatie van de Transvaal’*, deel I (J.H. de Bussy, Amsterdam, Pretoria en Johannesburg, 1914).

¹⁴² L.E. van Niekerk, *Kruger se regterhand: ’n biografie van dr. W.J. Leyds*, p. 347.



Rua da Prata no. 98, Lissabon. Foto: Linda Brink, November 2011.



Illustrasie 69: Die adres in Engelenburg se sakdagboekies met die naam Judith Rosa Fernandez daarby. Foto: Linda Brink, November 2011.



Illustrasie 70: Lorraine, Tulme Estates, 25 Januarie 1911. Lorraine se verhouding met Engelenburg was toe al verbreek. Nege maande nadat die foto geneem is, is sy met Fabian Mercer Cox in Salisbury, Rhodesië getroud. Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling.

Transvaal Hotel.¹⁴³ Teen 28 April 1911 was Leyds en sy vrou steeds in Pretoria. Engelenburg het aan Leyds 'n boek in Frans na sy hotel gestuur "... van een talentvol homo-sexueel – *excusez du peu!*"¹⁴⁴ Hy het aan Leyds geskryf dat hy hom nie wou lastig val met 'n uitnodiging na sy huis nie, maar dat Leyds sy passiewe houding sou verstaan. Engelenburg het geskryf dat hulle albei, met hulle Man-van-die-wêreld-filosofie, die situasie sou aanvaar en het voorgestel dat hy Leyds by die hotel vir ete ontmoet.¹⁴⁵

Terwyl dit nie in sy huis goed gegaan het, met Judith Fernandez wat daar gewoon het nie, moes Engelenburg in die openbaar 'n front voorhou. In Junie was Leyds steeds in Pretoria en het hy Engelenburg vir ete by die hotel genooi. Engelenburg moes op die laaste minuut verskoning vra. "... Er is ziekte in mijn huis ..." ¹⁴⁶ Moontlik het Judith in haar ou weë teruggeval en was dit een te veel vir Engelenburg. Dit wil voorkom of Engelenburg daarna besluit het om haar na haar familie in Portugal te stuur. Volgens inskrywings in sy sakdagboekies in die maande wat gevolg het, het hy geld na Portugal gestuur. Dit moes waarskynlik tot 1915 geduur het, want voor en agter in sy sakdagboekie van 1913 en agterin die boekie van 1915 het haar naam en adres geskryf gestaan: Judith Rosa Fernandez, Rua da Prata 98, 3a Dr, Lisboa.¹⁴⁷

Lorraine, wat haar verhouding met Engelenburg in 1909 verbreek het, het op 5 Oktober 1911 met die wewenaar Fabian Mercer Cox, 'n tegniese ingenieur, getrou. Die huwelik het in Salisbury, Rhodesië (vandag Zimbabwe), voor die magistraat plaasgevind. Hulle was buite gemeenskap van goedere getroud.¹⁴⁸ Terwyl Lorraine in Rhodesië getrou het, het Engelenburg na Kaapstad gegaan om Miss Margaret, wat op sterwe gelê het, te besoek. Margaret is op 18 Oktober 1911 oorlede. Engelenburg het die begrafnis op 21 Oktober

¹⁴³ NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 05.03.1911.

¹⁴⁴ *Excusez de peu!* – Verskoon 'n bietjie!

¹⁴⁵ NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 28.04.1911.

¹⁴⁶ NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 21.06.1911.

¹⁴⁷ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1913 van F.V. Engelenburg.

¹⁴⁸ NASA, Pretoria, Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Meester van die Hooggeregshof (MHG), vol. 77272, 1932 (WLD, vol. 234/1915). Skeidokument, boedellêer van Lorraine Engelenburg.

bygewoon.¹⁴⁹ Sy werksaamhede as lid van die regering se onderwysraad moes ook voortgaan en ná die begrafnis het hy van 23 Oktober tot 6 Desember skole in 14 dorpe besoek.¹⁵⁰

Lorraine se huwelik met Cox was van die begin af ongelukkig. Sy was skaars getroud of sy keer 'n maand later sonder haar man uit Rhodesië terug en vestig haar in Johannesburg. Sy het 'n woonstel in die Castle Mansions gehuur en die plek gemeubileer met meubels wat sy op huurkoop op haar naam aangekoop het. Van Saterdag 23 Desember 1911 tot die dag ná Kersfees was Engelenburg in Johannesburg.¹⁵¹ Die waarskynlikheid is groot dat hy die paar dae by Lorraine deurgebring het. Cox het hom daarna in April 1912 by Lorraine aangesluit en werk gekry by 'n kragstasie. Toe sy nie meer die paaielemente van die meubels kon betaal nie, het Cox onderneem om dit te doen. Aan die begin van 1913 het Cox die huis verlaat en hom na die diamantdelwerye begewe, waar hy met 'n ander vrou saam geleef het. Vandat hy die huis verlaat het, het Lorraine geen verdere geld van hom ontvang nie, behalwe £12 en af en toe 'n geskenk. Die paaielemente vir die meubels het hy ook nie betaal nie. Tot haar vernedering is die meubels later deur die winkels teruggeneem. Cox het in Desember 1914 by die weermag aangesluit, maar is in Junie 1915 ontslaan. Sedert hy die huis in 1913 verlaat het, het die egpaar nie weer as man en vrou saamgewoon nie.¹⁵² Gedurende die tydperk begin 1913 tot Desember 1915, terwyl Lorraine en haar man van tafel en bed geskei was, het Engelenburg kontak met haar gehad.¹⁵³ Sy het waarskynlik in 1913 Engelenburg na Kaapstad vergesel, want in Kaapstad het Engelenburg op 14 Maart 1913 in die Marine Hotel aandete met majoor A.M. Rogers, voorsitter van die lugvaartvereniging, gehad. 'n Paar maande later het majoor Rogers 'n brief aan Engelenburg geskryf oor 'n paar sake met betrekking tot die vereniging. Rogers het sy brief afgesluit met: "... Hoping you are fit, and with kind remembrances to Mrs. Engelenbe[u]rg."¹⁵⁴ Engelenburg was egter nie met haar getroud nie,

¹⁴⁹ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1911 van F.V. Engelenburg.

¹⁵⁰ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1911 van F.V. Engelenburg.

¹⁵¹ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1911 van F.V. Engelenburg.

¹⁵² NASA, Pretoria, TAB, MHG, vol. 77272, 1932 (WLD, vol. 234/1915). Skeidokument, boedellêer van Lorraine Engelenburg.

¹⁵³ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekies van 1913 tot 1915 van F.V. Engelenburg.

¹⁵⁴ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 1, sublêer 2, A.M. Rogers – F.V. Engelenburg, 27.08.1913.

want Lorraine was nog met Cox getroud toe sy en Engelenburg weer by mekaar betrokke geraak het.

In sy sakdagboekie het Engelenburg 'n inskrywing by 22 Augustus 1914 gemaak: "L. verjaardag". Nie in een van sy dagboekies het hy ooit haar naam uitgeskryf nie, maar altyd net die voorletter "L" of "Lor." gebruik. Van 22 Oktober tot 18 Desember 1914 het Engelenburg ses vergaderings van die onderwysraad bygewoon. Gedurende daardie tydperk, op 5 November, het Engelenburg aandede saam met 'n meneer Burton en Lorraine geniet.¹⁵⁵ Dit is nie duidelik wanneer Lorraine weer by Engelenburg in die huis gaan woon het nie, maar op 26 April 1915 het hy na Durban vertrek vir 'n vakansie op Mauritius. Nêrens het hy 'n inskrywing in sy sakdagboekie gemaak dat Lorraine hom vergesel het nie, maar dit is onwaarskynlik dat hy alleen op 'n romantiese eiland vakansie sou hou. Leipoldt het geweet van die reis en by 26 April 1915 het hy 'n inskrywing in sy eie sakdagboekie gemaak: "Dr. Engel's to Mauritius". Die 's' is onderstreep, wat daarop dui dat hy nie alleen gereis het nie.¹⁵⁶ Van Durban het Engelenburg per skip na Lourenço Marques gereis, waar hy op 2 Mei aangekom het. Op 13 Mei was hy in Mauritius, waar hy 10 dae gebly het.¹⁵⁷

Gedurende die vakansie het hy verskeie besienswaardighede besoek, onder meer Mahébourg, 'n klein dorpie aan die suidoostelike kus van Mauritius; die vulkaniese krater in Curepipe, wat hoog op die sentrale plato geleë is en waarvandaan mens 'n 360 grade uitsig oor die dorp het; die bekende Botaniese Tuin, wat 'n groot verskeidenheid tropiese plante gehuisves het; Poudre d'Or, 'n toeristedorpie op die eiland; Tamarind Falls, 'n toeristeaantreklikheid op die suidwestelike deel van die eiland; en La Grand Bassin (veral ook bekend as Ganga Talao), 'n meer wat diep in die hart van Mauritius geleë is. Dit word beskou as die heiligste Hindoe-plek op Mauritius. Hy het ook Le Souffleur besoek, wat aan die suide van die eiland geleë is. Dit is rotsagtig daar met reusagtige golwe in die see wat op die lawarotse breek. Verder was hy by die teeplantasies op die plato. Op 22 Mei het hy van Port Louis terug na Suid-Afrika

¹⁵⁵ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1914 van F.V. Engelenburg.

¹⁵⁶ KOD, UK, C.L. Leipoldt-argief, BC94, A1.70, Sakdagboekie van 1915 van C.L. Leipoldt.

¹⁵⁷ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1915 van F.V. Engelenburg.

vertrek.¹⁵⁸ Vier en 'n half maande later, op 5 Oktober 1915, dus vier jaar na haar troue met Cox, het Lorraine 'n aansoek ingedien om van Cox te skei. Die huwelik is op 7 Desember 1915 finaal ontbind.¹⁵⁹

Engelenburg het daardie Desember saam met Izaak Wallach na 'n warmbron by Caledon gegaan. Wallach was sedert Oktober 1895 by Engelenburg betrokke – eers as 'n vennoot en later as 'n intieme vriend. Wallach self was ook nie getroud nie. Engelenburg se vader het Engelenburg dit beny dat hy so heerlik en rustig kon ontspan terwyl die oorlog in Europa nog voortgewoed het. Hy kon in sy gedagtes vir Engelenburg sien wat al rustende by Caledon ontspan het waar die verblyf sekerlik aangenamer sou wees “dan tans in dit droevige waterland”. Hy het gehoop dat Engelenburg en Wallach, wat albei slagoffers van rumatiek was, beter sou voel ná die behandelingskuur. Sy brief het verder oor sy eie doen en late gegaan en dat hy nog gesond was om sy werk te kon verrig.¹⁶⁰

Ná die paar dae by Caledon het Engelenburg sy werk by *De Volkstem* voortgesit. In Maart 1916 het hy weer verlof geneem en in die Kaap vakansie gehou. Waarskynlik het Lorraine hom vergesel, want sy het toe reeds weer by hom gewoon. Hy het op 4 Maart daar aangekom en op 20 Maart vir Preller laat weet dat hy sy belofte om so werkloos moontlik te bly, getrou nakom.

Ik pleeg geen regelmatige journalistiek maar volg de ingeving van luim en humeur en geloof dat 't goed doet om, voor enkele weken, verlost te wezen van 't gevoel dat je, goed beschouwd, maar 'n ordinair werkdier bent!¹⁶¹

Hy was toe nog nie seker hoe lank hy in die Kaap sou bly nie. Aan die einde van Maart sou die Negende Simfonie van Beethoven deur die munisipale orkes uitgevoer word en hy het dit oorweeg om langer te bly om dit by te woon.¹⁶² Volgens sy sakdagboekie het hy eers op 3 April na Pretoria teruggekeer, dus kan aangeneem word dat hy die simfonie-uitvoering einde Maart bygewoon het.

¹⁵⁸ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1915 van F.V. Engelenburg.

¹⁵⁹ NASA, Pretoria, TAB, MGH, 234/1915, Skeidokumente van Lorraine Engelenburg.

¹⁶⁰ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 27, F.T.V. Engelenburg – F.V. Engelenburg, 23.01.1916. Teen 1916 was die verhouding tussen pa en seun nie meer so stram nie.

¹⁶¹ NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 20.03.1916.

¹⁶² NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 20.03.1916.

Engelenburg se tante, Anna Koopmans van Rotterdam, het intussen gesterf. In haar testament is Engelenburg as een van die begunstigdes aangewys. Sy deel van die erflating was aandele ter waarde van f29 567,26. Hy het mnr. J.P. van Wijngaarden, notaris van Rotterdam, op 21 Junie 1916 versoek om die aandele, behalwe dié van Broes en Gosman, wat f5 000 werd was, te gelde te maak en dit in die Nederlandsche Bank voor Zuidafrika in Amsterdam in te betaal met die opdrag om sy rekening in Suid-Afrika te krediteer met die ekwivalent in pond sterling. Vanweë die heersende oorlogstoestande het hy gereken dat dit onder die omstandighede beter was om die aandele in geld om te skakel. Broes en Gosman in Amerika is deur 'n familielid aan moederskant opgerig en die aandele het vir hom sentimentele waarde ingehou. Bowendien was die dividende op dié aandele, volgens Engelenburg, soms baie voordelig.¹⁶³ Hy het twee maande daarna 'n wissel ter waarde van £1 000 ontvang vir die aandele wat verkoop is. In September 1916 het hy 'n verdere £600 uit Nederland ontvang, gevolg deur £3 000 'n maand later. Al wat toe nog oorgebly het van die boedel, was 'n stuk brak grond by Arnhem, na raming f17 489 werd, wat Van Wijngaarden nog nie verkoop kon kry nie, asook die onderaandele Broes & Gosman, wat Engelenburg in elk geval wou behou.¹⁶⁴

Die eerste deel van die aandele se geld was skaars in sy bankrekening inbetaal toe Engelenburg drie weke lank saam met vriende met vakansie Durban toe gegaan het. Lorraine het die groep vergesel. 'n Paar nagte het hulle in die Royal Hotel gebly, waarna hulle 'n motor gehuur en na Port St Johns gegaan het. Twee dae later het hulle na Port Shepstone gereis, maar gedurende die rit probleme met die remme van die motor gekry. Hulle het eers daardie middag om 4 uur in Port Shepstone aangekom waar hulle twee dae lank oorgebly het. Op 26 Augustus het hulle vertrek, maar by Mtwalume¹⁶⁵ het die motor weer probleme gegee, wat hulle genoodsaak het om oor te slaap. Hulle was eers op 28 Augustus terug in Durban. Die 31ste het hulle die “Kaffer Market” en die “Koelie Market”¹⁶⁶ besoek en die volgende dag op

¹⁶³ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, vol. 25, F.V. Engelenburg - J.P. van Wijngaarden, 21.06.1916.

¹⁶⁴ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, vol. 25, J.P. van Wijngaarden – F.V. Engelenburg, 05.10.1916.

¹⁶⁵ Mtwalume is 'n klein kUSDorp aan die Suidkus, ongeveer 87 kilometer suid van Durban. Dit is hoofsaaklik 'n vakansiedorp in 'n landelike, beboste omgewing. Die pragtige strandmeer word gevorm deur die Mtwalume-rivier en is een van die belangrikste besienswaardighede.

¹⁶⁶ Destyds was die terme “kaffer” en “koelie” die gebruikelike terme. Vandag word dit as aanstootlik beskou.

die riksjas¹⁶⁷ gery. Die aand van 3 September het hulle per trein na Pretoria teruggekeer, waar hulle die volgende aand om 18:30 aangekom het.¹⁶⁸

Afgesien van Lorraine en Judith Fernandez met wie Engelenburg albei 'n intieme vriendskap gehad het, het hy ook platoniese vriendskappe met 'n paar ander vroue gesluit. Soos wat hy voor die Anglo-Boereoorlog vriende was met Leyds se eerste vrou, Louise, het hy later ook 'n vriendskap met generaal Louis Botha se vrou, Annie, gesluit. Uit briewe wat albei die vroue aan Engelenburg geskryf het, kan afgelei word dat hulle gelei was deur sy ridderlike aandag aan hulle. Engelenburg het 'n slag met vroue gehad en was nie verniet onder sy tydgenote as die “Volmaakte Gentleman” bekend nie. Hy het gereeld voor Kersdag aan Annie Botha 'n geskenk gestuur. Gewoonlik was dit met sorg uitgesoek en het hy die smaak van die ontvanger in aanmerking geneem. Vir die geskenk wat hy in 1910 gestuur het, het Annie hom 'n paar dae voor Kersfees bedank toe sy 'n stil oomblik vir haarself gehad het. Sy het geskryf dat Engelenburg se geskenke aan haar altyd uniek was. “... I appreciate and adore every gift you have given me.”¹⁶⁹ Sy was sprakeloos oor die geskenk omdat sy geweet het dat dit een van sy eie persoonlike besittings was en dat hy daaraan gedink het om afstand daarvan te doen. Dit was 'n ornament wat sy graag wou hê.

When I read the letter I said at once ‘Now isn’t that just like the doctor!’ and that sentence expresses volumes!¹⁷⁰

Sy het hom vervolgens uitgenooi om daardie Kersfees by hulle deur te bring, op hulle plaas Rusthof, of indien hulle in die Kaap sou wees, by Groote Schuur.¹⁷¹

Die geskenk wat Engelenburg in 1913 aan Annie gestuur het, was 'n pragtige glasvaas.¹⁷² Die daaropvolgende Desember het hy aan haar 'n baie waardevolle geskenk gestuur en wou hy hê

¹⁶⁷ 'n Riksja is 'n ligte tweedisselboomkarretjie vir die vervoer van passasiers, deur 'n mens getrek. Dit is in 1893 deur die suikermagnaat, sir Marshall Campbell, na Durban gebring. Die ontwerp is gebaseer op die Japannese ontwerp en is gebruik om dames en mans na Berea en terug te vervoer. Dit is ook beskikbaar gestel vir toeriste.

¹⁶⁸ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1916 van F.V. Engelenburg.

¹⁶⁹ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, vol. 6, sublêer 20, Annie Botha - F.V. Engelenburg, 11.12.1910.

¹⁷⁰ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, vol. 6, sublêer 20, Annie Botha - F.V. Engelenburg, 11.12.1910.

¹⁷¹ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, vol. 6, sublêer 20, Annie Botha - F.V. Engelenburg, 11.12.1910.



Met vakansie saam met vriende. Engelenburg sit op die agtersitplek van die motor.
Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling.



Illustrasie 71: Engelenburg en vriende kry teëspoed met die gehuurde motor. Hulle het almal stofjasse aan om hul klere teen die stof te beskerm. Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling.

dat sy, met die toestemming van haar man, dit moes aanvaar. Dit was 'n ring met 'n Brasiliaanse steen wat oorspronklik aan die vrou van sir Andries Truter, 'n vooraanstaande persoon van die vroeë negentiende eeu in die Kaapkolonie, behoort het, waarna mev. Adriana Dorothea (Ado) Horak-De Wet dit geërf het. Ado was die moeder van Marie Koopmans-De Wet en 'n prominente inwoner van Kaapstad in die middel van die negentiende eeu. Marie Koopmans-De Wet het die ring wat sy van haar moeder geërf het, kort voor haar dood in 1906 aan Engelenburg toevertrou. Engelenburg het niemand beter as Annie Botha geag om die ring as geskenk te ontvang nie. Hy het haar gevra om dit af en toe te dra.¹⁷³

In 1913, dieselfde jaar wat Engelenburg en Lorraine mekaar weer begin sien het, het Engelenburg kennis gemaak met die skrande C. Louis Leipoldt, wat daarna deel van Engelenburg se intieme vriendekring geword het. Leipoldt is in 1880 op Worcester gebore. In 1902 is hy na Europa, waar hy as joernalis gewerk het en ook in die geneeskunde aan die Guy's Hospital in Londen studeer het. Daarná het hy in Duitsland, Italië en Oostenryk verder in ortopedie en kindersiektes studeer. Hy het daar met sy letterkundige en joernalistieke bedrywighede voortgegaan. In 1913 het hy na Suid-Afrika teruggekeer en is as gesondheidsinspekteur van skole in Transvaal aangestel, met Pretoria as sy hoofkwartier. Ten spyte van die verskil in ouderdom – Engelenburg was sowat 17 jaar ouer as Leipoldt – was die twee mans dadelik tot mekaar aangetrokke. Hulle het heelwat gemeenskaplike belangstellings gedeel. Beide was bekwame joernaliste, het 'n lewendige belangstelling gehad in landsake, die geskiedenis, kos en wyn en die letterkunde, waarin hulle as meertaliges wyd gelees het. Beide was mense met wêreldervaring, onderhoudende geselsers en bedeel met 'n guitige, soms satiriese humorsin. Vanselfsprekend was daar ook verskille: die ouer man was meer besadig en kon onder 'n wyer verskeidenheid van moeilike omstandighede as die volmaakte gentleman optree. Hulle vriendskap sou voortduur tot Engelenburg se dood in 1938.¹⁷⁴

¹⁷² NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, vol. 6, sublêer 20, Annie Botha - F.V. Engelenburg, Des. 1913.

¹⁷³ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, vol. 6, sublêer 20, F.V. Engelenburg - Annie Botha, Des. 1914.

¹⁷⁴ KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94, B10, Aantekeninge van J.M.H. van Aardt, ongedateer.

Engelenburg en die Lugvaartvereniging van Suid-Afrika

Afgesien van Engelenburg se betrokkenheid by talle kulturele sake het hy ná Uniewording ook betrokke geraak by die bevordering van burgerlike lugvaart in Suid-Afrika. Nathan Levi het in 'n artikel in *Die Volkstem* van 2 Junie 1931 geskryf dat Engelenburg op baie gebiede dikwels die voortou geneem het. Omdat Levi enige jare sekretaris van die *De Volkstem*-redaksie was, het hy nog lewendige herinneringe aan alles gehad. Dit was Engelenburg, wat

... met enige offisieren en andere stadgenoten, 'n kleine vereniging tot stand bracht om de edele vliegkunst aan te moedigen, toen er nog geen Lindberghs en geen Kidstons waren.¹⁷⁵

Omstreeks 1910 is die grondslag van burgerlike lugvaart gelê, wat in Maart 1911 tot die stigting van die lugvaartvereniging van Suid-Afrika gelei het. Engelenburg was een van die stigterslede en het geen saak onaangeroer gelaat om die vereniging op sy bene te kry nie. Hy het gereken dat die tyd in Suid-Afrika aangebreek het

... to educate the public with a view to some familiarity with this interesting branch of modern human activity.¹⁷⁶

Pretoria News het die stigting van die vereniging soos volg aangekondig:

A meeting was held yesterday afternoon in 'De Volkstem' Buildings, Pretoria, presided over by Dr. Engelenburg, with the object of forming an Aeronautical Society in South Africa for the purpose of giving a stronger impulse to the science of aerial navigation in this country.¹⁷⁷

In Mei 1911 was die raad van die lugvaartvereniging soos volg saamgestel: Johann Rissik, administrateur van Transvaal (president), sir Thomas Cullinan (visepresident), majoor A.M. Rogers, Royal Engineering Staff (voorsitter), F.V. Engelenburg (ondervoorsitter), F. Prior (tesourier), kaptein G. Monreal (sekretaris), W.B. White, J.D. Ellis, F.H. Davis, Gerard Rissik, kaptein A.A. Board, en 'n sekere McIntosh, Webb en Schneider.¹⁷⁸ In dieselfde maand

¹⁷⁵ N. Levi, "Dr. Engelenburg's aftreden. Wat de aktieve koerant-wereld verliest", *Die Volkstem*, 02.06.1931.

¹⁷⁶ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 1, sublêer 2, F.V. Engelenburg – Schumacher, 29.03.1911.

¹⁷⁷ Anon., "Aeronautics S.A. Society formed", *Pretoria News*, 18.03.1911.

¹⁷⁸ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 1, sublêer 2, Memorandum, Mei 1911. Sien ook H. Oberholzer, *Pioneers of early aviation in South Africa*, pp. 25-26.

het die eerste vliegtuig per skip in Port Elizabeth aangekom, waarna dit per trein na Pretoria vervoer is. Die vliegtuig is deur John Weston¹⁷⁹ aangekoop.¹⁸⁰ Engelenburg het dadelik aan die minister van verdediging, generaal Jan Smuts, geskryf dat die publiek onverwagte belangstelling in die Lugvaartvereniging getoon het. Hy het verder geskryf dat sir Thomas Cullinan¹⁸¹ goedgehartig sy grond naby die Olifantsfontein-keramiekfabriek vir eksperimentele vlugte aan die lugvaartvereniging beskikbaar gestel het. Verder was lede van die raad besig om met Josef Christiaens (1879-1919),¹⁸² 'n Belgiese ingenieur, renjaer en vlieënier, te onderhandel om 'n tweedekkervliegtuig teen 'n bedrag van £800 te koop. Christiaens het onderneem om 'n persoon gratis as vlieënier op te lei sodat hy ander kon oplei. Hy het ook belowe om sy werktuigkundige vir 'n paar maande in Suid-Afrika te laat agterbly, mits die lugvaartvereniging een van sy tweedekkervliegtuie van die Bristol-maatskappy, wat hy verteenwoordig het, aankoop. Engelenburg het die minister verder ingelig dat £800 vir die vliegtuig deur die bestuur ingesamel sou word. Hy het versoek dat die regering dit oorweeg om 'n subsidie van ongeveer £500 aan die lugvaartvereniging toe te staan. Dit sou hoofsaaklik bestee word aan salarisse vir die vlieginstrukteur en 'n werktuigkundige, sowel as vir die voorbereiding van die terrein en die oprig van 'n paar vliegtuigloodse. Die plan was om dadelik met die opleiding van vlieëniers in Suid-Afrika te begin. Die raad sou, indien nodig, gelde van leerlingvlieëniers verhaal, waarvan die grootste gedeelte vir die instrukteur se salaris sou gaan en die res vir die instandhouding van die vliegskool. Hy het die minister daarop gewys dat baie lede van die vereniging vrywillig hulle dienste sou aanbied vir die lugmag wat die regering beoog het of om as bruikbare reserwe te dien.¹⁸³

Die sekretaris van die departement van binnelandse sake het by navraag van Engelenburg laat weet dat die regering nie finansiële voorsiening gemaak het waaruit hulp aan die lugvaartvereniging van Suid-Afrika verskaf kon word vir die oprig van 'n skool vir lugvaart

¹⁷⁹ John Weston (1873-1950) was 'n Suid-Afrikaanse ingenieur, pionievlieënier, vliegtuigingenieur, boer, soldaat en reisiger. Hy het as gevolg van 'n aanval op sy en sy vrou se plaas in 1950 gesterf. Kyk J.J. Oberholster, "Weston, Maximilian John Ludwick" in C.J. Beyers en J.L. Basson (reds.), *Die Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek V*, pp. 935-936.

¹⁸⁰ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 1, subléer 2, Memorandum, Mei 1911.

¹⁸¹ Thomas Cullinan (1862-1936) was 'n Suid-Afrikaanse diamantmagnaat en word daarvoor onthou dat die Cullinan-diamant, die grootste diamant wat ooit ontdek is, na hom vernoem is. Die dorp Cullinan is ook na hom vernoem. Kyk A.L. Harington, "Cullinan, Sir Thomas" in D.W. Krüger en C.J. Beyers (reds.), *Die Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek III*, pp. 194-195.

¹⁸² Josef Christiaens het in 1919 in 'n renmotor verongeluk.

¹⁸³ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 1, subléer 2, F.V. Engelenburg – Minister van verdediging, 29.05.1911.

nie. Die sekretaris het bygevoeg dat moontlike finansiële bystand in 'n later stadium oorweeg kon word wanneer die regering oor sy verdedigingsplanne vir die Unie besluit het.¹⁸⁴

Engelenburg het ook aandag aan die weerkundige aspek van lugvaart gegee. Op 29 Mei 1911 het hy van Rose T.A. Innes, direkteur van die weerkundige instituut, alle beskikbare inligting oor reënval en windtoestande in die gebied tussen Pretoria en Johannesburg aangevra. Die inligting was noodsaaklik om eksperimentele vlugte in Transvaal en elders in die land te beplan om vas te stel watter tye van die jaar die gunstigste vir lugvaart sou wees. Innes was nie net bereid om die inligting te verskaf nie, maar ook om 'n artikel vir die South African Association for the Advancement of Science te skryf, wat later in Engelenburg se beoogde *S.A. Aero Journal* oorgeneem kon word. Innes het daarop gewys dat Suid-Afrikaanse klimaatstoestande meer probleme opgelewer het as dié van Europa of Amerika.¹⁸⁵ Engelenburg het ook die inisiatief geneem om die eerste minister, generaal Louis Botha, as beskermheer van die lugvaartvereniging aan te wys.¹⁸⁶ Heel gou het die vereniging takke in die land gestig en elke tak het sy eie komitee en voorsitter, sekretaris en tesourier gehad.¹⁸⁷

Op 15 November 1911 het Engelenburg aan W.E. Bok geskryf oor die vordering van die vereniging en dat 125 lede reeds aangesluit het. Engelenburg het hom ook daartoe verbind om die eerste uitgawe van die vereniging se joernaal uit te gee. Hy het by die Royal Aero Club of the United Kingdom aansoek gedoen om affiliasie, nie souseer ter wille van die vernaamheid en die titel van die klub nie, maar eerder om voorlopige vlieënierssertifikate in Suid-Afrika te kan uitreik wat deur die “Royal Aero Club in Engeland” bekragtig sou word.¹⁸⁸ John Weston het daarna vir Engelenburg laat weet dat hy gereed was om met die lugvaatskool te begin.¹⁸⁹ Dit was Engelenburg se taak om amptelike waarnemers te benoem

¹⁸⁴ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 1, sublêer 2, Sekretaris, Dept. binnelandse sake – F.V. Engelenburg, 10.06.1911.

¹⁸⁵ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 1, sublêer 2, R.T.A. Innes – F.V. Engelenburg, 16.06.1911.

¹⁸⁶ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 1, sublêer 2, F.V. Engelenburg – Louis Botha, 04.09.1911.

¹⁸⁷ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 1, sublêer 2, Memorandum, 15.11.1911.

¹⁸⁸ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 1, sublêer 2, F.V. Engelenburg – W.E. Bok, 15.11.1911.

¹⁸⁹ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 1, sublêer 2, John Weston – F.V. Engelenburg, 02.04.1912.

om leerlingvlieëniers van Kimberley te beoordeel en sertifikate van die Royal Aero Club aan hulle uit te reik.¹⁹⁰

Op 10 Maart 1913 het Engelenburg na Kaapstad gegaan. Twee dae later het hy 'n onderhoud met generaal Smuts gehad, waarskynlik om oor befondsing vir die lugvaartvereniging te praat. Daardie Vrydag, 14 Maart 1913, het Engelenburg majoor A.M. Rogers, die voorsitter van die lugvaartvereniging, oor aandete in die Marine Hotel ontmoet.¹⁹¹ Deur die arbeidsaamheid van majoor Rogers het die Kaapse tak van die lugvaartvereniging tot stand gekom en teen 1913 was dié tak heel bedrywig. Die teendeel kon egter gesê word van die Transvaal-tak, want op 8 September 1913 het Engelenburg gerapporteer dat hulle tak van die lugvaartvereniging feitlik nie meer bestaan het nie.¹⁹² Die lugvaart het verder uitgebrei en 'n kommersiële lugdiens is in 1928 ingestel met gereelde vlugte tussen Durban en Johannesburg. Die tarief was £8 vir 'n enkelvlug. Die volgende stap van luitenant-kolonel G.L.P. Henderson was om vlugte tussen Kaapstad en Johannesburg in te stel. Die duur van die reis sou 9 uur wees, met een tussenlanding. Die tarief is vasgestel op £15 vir 'n enkelvlug en £27.10.0 vir 'n retoervlug. Henderson het voorgestel dat die vlugte onderneem word in driemotorige Junker-vliegtuie wat 10 passasiers kon vervoer.¹⁹³

In 1928 was daar ook belangstelling om gereelde vlugte in te stel tussen Europa en Kaapstad. Die Amerikaanse miljoenêr Lear Black het beplan om daardie jaar met 'n driemotorige Fokker F VII A die eerste tog aan te pak. Die vliegtuig kon 'n maksimumsnelheid van 210 km/h bereik en 'n gemiddelde snelheid van 180 km/h. Hy het gehoop om die vlug binne 10 vliegdae te voltooi. Die volgende roete wat gevolg sou word, was van Londen na Napels, Athene, Kaïro, oor Khartoem, Mangalla, oor die Victoria-meer na Tabora en van daar na Broken Hill in Rhodesië; van Broken Hill na Pretoria, en daarna oor Bloemfontein na Kaapstad. So eenvoudig was dit egter nie. Van die grootste probleme wat hy voorsien het,

¹⁹⁰ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 1, sublêer 2, A.M. Rogers – F.V. Engelenburg, 27.08.1913.

¹⁹¹ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1913 van F.V. Engelenburg.

¹⁹² NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 1, sublêer 2, F.V. Engelenburg – A.M. Rogers, 08.09.1913.

¹⁹³ Anon., “Met de K.L.M. naar Kaapstad” in *Zuid-Afrika Maandblad*, pp. 72-73.

was byvoorbeeld die lang olifantgras op die vliegvelde in Midde-Afrika indien dit nie genoegsaam omgeploeg sou wees nie.¹⁹⁴

Teen 1938, die jaar waarin Engelenburg gesterf het, was die topsnelheid van vliegtuie 440 myl (708 kilometer) per uur en vliegtuie wat omlaag geduik het, kon selfs 480 myl (772 kilometer) per uur behaal. Mnr. Edward Wimperis, voorsitter van die British Aeronautical Society, het gemeen dat dit wel moontlik was om in die toekoms vliegtuie te bou wat hoër snelhede kon bereik. Hy het ook verduidelik hoe dit moontlik gemaak kon word. Die nuus het groot opslae onder die publiek veroorsaak.¹⁹⁵ Deur 'n klein begin in 1911 en met die volgehoue entoesiasme van Engelenburg en 'n paar belangstellendes het die lugvaart in Suid-Afrika vinnig uitgebrei.

Samevatting

As kultuurbevorderaar het Engelenburg in samewerking met sir Herbert Baker 'n groot bydrae gelewer om 'n inheemse argitektuur aan die plaaslike gemeenskap bekend te stel. Deur sy volgehoue arbeid het hy in die beginjare van die Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst veel gedoen om die organisasie op dreef te kry en in werkende orde te bring. Sy aandag aan die Akademie het vrugte afgewerp en met die verkryging van regs persoonlikheid in 1921 was die Akademie in 'n veel beter posisie as voorheen. Engelenburg het ook veel gedoen om die Afrikaanse taal te ontwikkel, asook om die Afrikaanse literatuur uit te bou.

Sy volgehoue werksaamhede om 'n burgerlugvaartvereniging in Suid-Afrika tot stand te bring het vrugte afgewerp toe lugvaart so ontwikkel het dat 'n kommersiële lugdiens later ingestel is.

Engelenburg was nie suksesvol in sy verhoudings met vroue nie. Sy behoefte aan 'n vrou was eerder om iemand te hê wat sy huishouding kon waarneem en om as gasvrou op te tree wanneer hy vriende onthaal het. Dat hulle met hom saamgeleef het, was vir hom bysaak. Nie een van die twee vroue, Lorraine of Judith, was tevrede met die situasie nie. Sy voortdurende

¹⁹⁴ Anon., "Met de K.L.M. naar Kaapstad" in *Zuid-Afrika Maandblad*, 1928, pp. 72-73.

¹⁹⁵ Anon., "Vliegtuie en geluidgolwe" in *Die Huisgenoot*, 02.09.1938. p. 38.

Hoofstuk 6 Betrokkenheid by verskeie sake, 1910-1925

uithuisigheid het veroorsaak dat Lorraine hom verlaat en later met 'n ander man getrou het, net om 'n maand na die troue die huis te verlaat en haar verhouding met Engelenburg voort te sit. Die Portugese vrou, Judith, se eensaamheid toe sy by Engelenburg gewoon het, het haar drankprobleem vererger. Toe sy ná behandeling by 'n sanatorium nie die probleem kon oorkom nie, het Engelenburg haar na Portugal na haar familie gestuur.